INHOUD

INLEIDING 1

ONDERWYS

Beheerliggaam 2
Onderwyspersoneel 4
Nie-doserende personeel 5
DFM Ondersteunersklub 5
Leerlingraad 7
Verteenwoordigende Raad van Leerders 8
Inskrywing en Skoolbywoning 9
Eksamenuitslae 2007 9
Olimpiades 10
Loopbaandae 11

BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

Geestelik
Verenigende Christen-Studentevereniging 12
Skoolverlaterskamp 13
Kultuur
Spraakkuns 13
Vasvra 15
DF Applous 15
Skooltydskrif - *Malherbiet* 16
Koor en Musiek 17
ATKV DF Patatters 17
Kultuur Prysuitdeling 2008 18
Matriektoer 19
Matriekdans 20
Noodhulp 20
Bloedskenk 20
Sport
Atletiek 21
Baldans 23
Gholf 24
Hokkie (dogters) 25
Hokkie (seuns) 26
Krieket (seuns) 27
Krieket (dogters) 28
Landloop 28
Muurbal 29
Netbal 29

Rugby 30
Skaak 31
Tennis 32
O.P. Verteenwoordigers 33
Ander Prestasies 33

FINANSIES 37

IN MEMORIAM 38

ALGEMEEN
Gebedsgroep 38
D.F. Malherbe Gedenkweek 38
Oudskoliere 39

'N DRINGENDE VERSOEK 39

TEN SLOTTE 39

JAARVERSLAG : 2007/2008

INLEIDING

Die skoolgemeenskap van die Hoërskool D.F. Malherbe kan andermaal met tevredenheid terugkyk op ‘n jaar wat baie hoë eise aan almal gestel het. Die huidige wêreldwye ekonomiese krisis het reeds sy invloed ook op DF en ons ouergemeenskap laat geld, en sal na alle waarskynlikheid ons in die nuwe jaar nog harder slaan. In die skool self was daar die nou-al gebruiklike faktore wat ons geloof en deursettingsvermoë toets. Weer eens vestig ek u aandag op dissiplinêre moeilikheid met ‘n baie klein gedeelte leerders, onrealistiese eise van die Onderwysdepartement, ouers wat nie hul finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie, ens.

Vanjaar se Graad 12's is die eerste groep wat die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat eksamen skryf, en dit het aan hulle as groep natuurlik ook besondere eise gestel. Die eksamen as sodanig het redelik goed afgeloop, asook dié eksamens waarin daar deur die jaar eksterne vraestelle geskryf is.

‘n Ander verwikkeling wat genoem moet word was die verandering in skooldrag deurdat die dogters vir die eerste keer langbroeke kon dra. Dit word deur baie van ons as ‘n groot verbetering beskou.

Ten spyte van baie duwweltjies in die pad bly dit ‘n bron van groot dankbaarheid dat ons deur die genade van ons Hemelse Vader kon voortgaan op die pad wat DF reeds meer as ‘n half-eeu stap. Daar is myns insiens nog steeds rede tot groot trots en dankbaarheid, en ek glo dat u ook met die lees van hierdie verslag daarvan oortuig sal wees.

2. **ONDERWYS**

2.1 **BEHEERLIGGAAM**

Die lede van die Beheerliggaam tydens 2008 was:

Voorsitter:	Dr. A. Geyer
Onder-voorsitter:	Mnr. P. Horn
Sekretaresse:	Mev. P. Vosloo (opvoeders)
Tesourier:	Mnr. L. Slabbert
Addisionele lede:	Adv. L. Crouse
	Mev. R. Dippenaar
	Mev. D. Ferreira
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnr. D. Bezuidenhout (opvoeders)
	Mnr. H. Potgieter (nie-opvoeders)
Leerderverteenwoordigers:	Jacomien Hauman, Rikus van Eeden

Ná prof. Kobus van Wyk se bedanking het mev. Hanna Kotze as gekoöpteerde lid gedien. In ‘n tussenverkiesing is mnr. Leon Dalton verkies. Dr. Geyer is as voorsitter verkies. Mnr. Marius Petzer het in die loop van die jaar bedank, en mnr. Louw Slabbert is in ‘n tussenverkiesing verkies. Mnr. Dalton het ook onlangs bedank. Aan die einde van dié jaar sal beide mevv. Dippenaar en Ferreira hul poste ontruim omdat hul kinders in Graad 12 is. Rikus van Eeden is teen die einde van die jaar in J.C. Wagener se plek verkies as een van die leerderverteenwoordigers.

Die Beheerliggaam het, ten spyte van heelwat probleme, voortgegaan om sy take uit te voer. Die volgende kan genoem word:

- Gereelde vergaderings, asook komitee-vergaderings;
- Dissiplinêre verhore;
- Loodsing van die Mercedes Benz projek om fondse in te samel;
- Begin met die Voogbeursskema (oud-ouers en vriende van die skool “borg” verdienstelike leerders uit die noordelike areas);
- Finansiële beheer.

Ernstige pogings is aangewend om ouers wat in gebreke bly om hul skoolgeld te betaal op te volg. ‘n Ander prokureur is hiermee getaak, en lede van die finansies-komitee het ook baie ure en geld bestee om hiermee te help. Die realiteit bly dat baie projekte net drome bly as daar nie geld is nie (bv. die teerblad voor die skool, die leerdersentrum, ‘n nuwe rekenaarsentrum, ‘n lokaal vir Gasvryheidstudies, ens.). Onderhoud aan die geboue is ook dringend nodig. ‘n Uiters dringende beroep word dus weer op ouers gedoen om hul verpligtinge teenoor die skool na te kom.

Dankie aan die lede van die Beheerliggaam vir hul werk en ondersteuning, asook aan die groot aantal ouers wat hul ondersteuning en samewerking gee.

(Dr. A.C. Geyer - VOORSITTER)

Jou voorbeeld
is nie die belangrikste ding
wat mense beïnvloed nie,
dit is die enigste.
ALBERT SCHWEITZER

Konsentreer op waarheen jy wil gaan,
nie op jou vrese nie.
ANTHONY ROBBINS

2.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:
Mnr. P. Hauman M.Sc., B.Ed.

Adjunkhoof:

Mnr. T.P.A.L. van Wyk B.A., H.O.D.	-	Afrikaans

Departementshoofde:

Mnr.E. Erasmus B.Comm.(Ed.), B.Ed.	-	Handelsvakke
Mev. M. Hanekom H.O.D. (Ekon.Wet.), B.Ed. (Hons.)	-	Handelsvakke
Mev. M. McFarlane M.A. (Maatsk.), S.O.D.	-	Geskiedenis, WGL
Mej. M. Scholtz B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Wiskunde, Engels
Mev. P. Vosloo B.A.(Hons.), H.O.D.	-	Toerisme

Onderwysers:

Mnr. D. Bezuidenhout B.A., H.O.D.	-	Engels
Mej. A. Bosch B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	-	Afrikaans
Mej. A. Carstens H.O.D. (Handel)	-	Handelsvakke
Mev. D. Griffin N.Dip.Lib. en Info.Sc.	-	Rekenaartoepassings -tegnologie
Mev. A. Hobson B.A., B.Ed. (Hons.)	-	Drama, Engels
Mnr. D. Jacobs B.A. (Hons.), MSS	-	J.O.T.
Mej. E. Jonker B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Geografie, Afrikaans
Mej. C. Killian B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Engels
Mev. C. Landman B. Mus.	-	Musiek, K&K
Mnr. A.J.V. Marais B.Ed. VOO	-	Afrikaans
Mnr. L. Notuku B.A., H.O.D.	-	Xhosa
Mnr. F. O'Connell B.Sc.	-	Wiskunde, WGL
Mev. M. Odendaal B.Sc., H.O.D.	-	Wiskunde
Mnr. F. Roets B.Ed. VOO (NW)	-	Lewenswetenskappe, Wiskunde
Mev. M. Röth M.Sc.	-	Fisiese Wetenskappe
Mnr. L. Sangerhaus P.O.D., O.D. (Handwerk)	-	IGO, Tegnologie
Mev. A.M.B. Scholtz B.A., H.O.D.	-	Engels
Mnr. M.L. Smith B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Lewenswetenskappe
Mev. H.E. Steenkamp M.Mus.,ODMS, UVLM	-	Musiek, SW
Mev. A. van der Merwe B.A., S.O.D.	-	Afrikaans, Geskiedenis
Mnr. M. van Zyl B.A., H.P.O.D.	-	Lewenswetenskappe

Mev. M. Visser B.Huish. (Ed.)	- Verbruikerstudies, Tegnologie

'n Nuwe aankomeling op ons personeel aan die begin van hierdie jaar was mnr. Attie Marais (in die plek van mnr. De Jager). Mnr. O'Connell, wat ons sou verlaat, is gevra om in mnr. Birkenstock se plek aan te bly aangesien daar nie geskikte aansoeke ontvang is nie.

Mnr. Marais het 'n departementele pos in Kroonstad gekry en verlaat ons aan die einde van hierdie jaar. Ons moet ook afskeid neem van mev. Annette van der Merwe (ná 11¾ jaar, aftrede), mnr. Frank O'Connell (ná 6 jaar, bedanking) en mnr. Derek Jacobs (JOT-onderwyser, ná 9 jaar, privaatsektor). Ons opregte dank aan hierdie personeellede vir hul toegewyde diens. Mnr. Q. Coetzee is in mev. Van der Merwe se pos aangestel en mev. L. du Plessis in dié van mnr. Jacobs. Geen benoeming is nog in mnr. O'Connell se plek gemaak nie, en mnr. Marais se pos sal nie weer gevul word nie. Al hierdie poste word deur die Beheerliggaam besoldig.

2.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Hierdie baie hardwerkende span lyk tans soos volg:

Sekretaresse:	Mev. A. Dunn
Boekhoudster:	Mev. B. Burns
Administratiewe Assistente:	Mev. F. Keyter
Sport-organiseerder:	Mnr. C. Scriven
Bibliotekaresse:	Mev. Z. Keyser
Voorman:	Mnr. H. Potgieter

Mnr. Christo Scriven het nuut by ons aangesluit in die plek van mev. Sandra Ferreira.
Ons moet ook aan die einde van die jaar *Arrivederci* sê aan mev. Bella Burns wat vir 12 jaar ons finansiële klerk was. Hierdie Italianer het diep in ons harte ingekruip en sy sal beslis gemis word. Baie dankie aan haar vir die manier waarop sy hierdie uiters moeilike werk gedoen het (saam met 'n hele aantal ander pligte). Mev. I. van Niekerk is in haar plek benoem.

2.5 **DFM ONDERSTEUNERSKLUB**

Die klub het aan die einde van 2008 gesluit met onder andere die volgende doelwitte:

- Om die buitemuurse aktiwiteite van die skool te probeer verbeter;
- Om die skool se beeld, waar nodig, te probeer verbeter.

Die klublede bestaan uit enige persoon wat enige belang by die skool het. Die bestuur bestaan uit ouers van die skool, oud-ouers, oud-leerders, borge, 'n verteenwoordiger van die hoof en die OOV.

Die volgende bydraes is deur die jaar gemaak:

- die "gat" op die hokkie-veld is reggemaak;
- die tennisbaan se draad is reggemaak;
- die juniors se skrummasjien is oorgebou;
- gruis vir die herstel van die paaie in die skool is voorsien;

· hantering van sportfunksies by die saal, verskaffing van verversings en opgradering van toebehore;
· verskeie funksies ten einde ondersteunersgetalle te verhoog;
· kos-verkope op vooraand van elke tuiswedstryd was suksesvol en ondersteuners oor ‘n wye spektrum het dit bygewoon;
· ‘n fonds-insamelingsprojek waar 4 skape per maand gewen kon word;
· die geesboufees voor Interskole was ‘n groot sukses.

DFMOK is ook die amptelike fondsinsamelaar van die skool:

· verskeie advertensieborde is verkoop wat die skool finansieel gehelp het
· die Kobus Wiese-aand was ‘n groot sukses
· ‘n dek word opgerig aan die agterkant van die Roetssaal tot voordeel van die hokkie en die krieket.

Alle uitgawes word gedek deur die bydraes van die bestuurslede en die ouers. Ons ontvang geen fondse uit die skoolfonds nie.

OOV: ‘n Belangrike nuwe verwikkeling is dat die OOV en die DFMOK saamgesmelt het. Die OOV sal funksioneer as ‘n “komitee” van die Ondersteunersklub. Hierdie span dames onder leiding van mev. Ilse le Grange het weer meer as hul kant gebring en o.a. die volgende georganiseer:

· die baie suksesvolle en lekker “Geesboufees” vóór Interskole;
· die verversings by die Gedenklesing;
· die kabaret optrede tydens die Gedenkweek;
· ‘n SMS kommunikasiestelsel.

(Mnr. M. Weyers)

2.6 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2007/2008, onder leiding van J.C. Wagener, Lindy Scott (hoofleiers), Diederick Dippenaar en Ané Ferreira (onderhoofleiers), het ’n uiters geslaagde ampstermyn beleef. Groot waardering is deur almal, personeel, ouers en leerders, uitgespreek vir die verantwoordelike wyse waarop hierdie span hulle pligte aangepak en deurgevoer het.

Aan die begin van hulle ampstermyn het die span Staatmakers ‘n opleidingskamp by Elandsrivier bygewoon waartydens almal mekaar goed leer ken het. Die hoofleiers het aan die einde van 2007 ‘n simposium (gereël deur die ATKV) bygewoon. Gedurende die eerste week van die tweede kwartaal het die hele span op ‘n kits-opvolgkamp gegaan. Aspekte soos Samewerking, Probleem-oplossing, Prefekteraad-funksionering, Kommunikasie, Konflikhantering, Groepmoreel en -klimaat is behandel. Hierdie opleidingsgeleenthede het as grondslag gedien vir ‘n baie suksesvolle diensjaar.

Groot moeite is deur die Staatmakers gedoen om die nuwe graad 8-leerders tuis te laat voel en hulle ten opsigte van die hoërskool te oriënteer. Ander verantwoordelikhede van die Staatmakers sluit in: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die byhou van ’n verjaarsdag- en plakboek, die daaglikse hys en stryk van die lands- en skoolvlag, die byhou van datums en kennisgewings op die kennisgewingborde, skakeling tussen personeel en leerders en met ander skole, ens. Die span het ook gesorg dat daar weekliks vars blomme in die skool se voorportaal pryk en met Lentedag is elke personeellid met ‘n ruikertjie verras. Rondom Valentynsdag het hulle sommer ‘n hele rits projekte aangepak. Die span het ook groot moeite gedoen om van die jaarlikse Seestap ‘n heerlike avontuur te maak. Hulle reëlings vir die geesbou tydens Interskole was ook uitstekend.

Hierdie Staatmakerspan het op vele terreine en by verskeie geleenthede die skool se naam hoog gehou en met groot eer gedien. Ons eer hulle daarvoor en dank hulle opreg vir hulle onbaatsugtige diens aan die skool en gemeenskap.

Ons kan opreg trots wees op so ’n span!

Die Staatmakerspan het uit die volgende lede bestaan:

Zené Annandale	***Morné J. van Rensburg***
Anthony Arends	***Jamie-Lee Kriel***
Heinrich Basson	***Emma Kotze***
Adéle Botha	***Anria Kruger***
Thea Buckle	***Karlien Matthee***
Christiaan Crouse	***Sarel Odendaal***
Juan de Vos	***Kay-Leigh Pike***
Diederick Dippenaar	***Amy Rheeder***
Misha du Toit	***Herbert Röth***
Kristine Dutton	***Lindy Scott***
Ané Ferreira	***Debbie Steyn***
Herman Geyer	***Maryke Steyn***
Gerhard Grobler	***Sjani van As***
Riaan Grobler	***Rikus van Eeden***
Jacomien Hauman	***Jani van Wyk***
Reginald Hufkie	***J.C. Wagener***

(Mnr. E. Erasmus en mev. P. Vosloo)

2.7 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS**

Die VRL tree op as skakel tussen die personeel en leerders. Die groep leerders was betrokke by verskeie meningsopnames, bv. verwagtinge ten opsigte van die snoepie, kleredrag en terrein.

Hulp met die handhawing van dissipline, reël van registerklassake, die samestelling van die skooldagboekie, ens. was ook van hul werksaamhede.

Van hul suksesse vanjaar was die dogters wat vanjaar langbroeke as opsionele wintersdrag kon dra, die koeldrankmasjien en die hekkie na Walmer Park.

Die voorsitter en/of ondervoorsitter het ook die leerders tydens dissiplinêre verhore en op die Beheerliggaamvergaderings verteenwoordig.

Ons kan sowaar trots wees op ons VRL.

(Mej. A. Bosch)

2.8 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2004	**2005**	**2006**	**2007**
Gemiddelde inskrywing	585	608	586	566
Persentasie bywoning	96,2 %	96,1 %	95,2 %	96,4 %

(Mnr. A. van Wyk)

2.9 **EKSAMENUITSLAE 2007**

Graad	**Aantal kandidate**	**Aantal druipelinge**	**Slaagpersentasie**
8	118	4	96,6 %
9	90	5	94,4 %
10	125	8	93,6 %
11	122	4	96,7 %
12	109	2	98,2 %
TOTAAL:	**564**	**23**	**95,9 %**

Verlede jaar se matriekklas het nogmaals die hele DF gemeenskap rede gegee om uiters trots te wees: met vier Malherbiete onder die eerste 20 (uit ongeveer 69 000 kandidate) het DF weer sy naam as die “Top Akademiese Skool” gestand gedoen. Daar was 17 van hulle wat met ‘n A-totaal geslaag het, (17,44 %), nl. Roné McFarlane (tweede in die Oos-Kaap), Wessel van Wyk (vyfde), Esther McFarlane (tiende), Lizelle Steunenberg (agtiende), Janita Petzer (27ste), Marelize Dalton (59ste), Tinus van Rooyen (68ste), Larita van Wyk (74ste), Nicky du Toit (94ste), Tiaan Jonker, Johannes Naudé, Darinka Theron, Robert Vermeulen, Jeané Maritz, Donnay Brown, Evan van Rensburg, Eduard van Wyk. 105 van die 109 kandidate het geslaag. (Twee het later die her-eksamen geslaag.)

‘n Besondere prestasie was dié van Marelize Dalton en Lizelle Steunenberg, wat gesamentlik aangewys is as die beste matrikulante (dogters) in Rekeningkunde vir ons “Cluster”.

(Mnr. A. van Wyk)

2.10 **OLIMPIADES, ENS.**

2.10.1 **Afrikaans Olimpiade**: Amy Rheeder het nie net die vyfde plek in die Oos-Kaap behaal nie, maar ook die tagtigste plek in die land. Kristine Dutton het die negende, Liza Carne die elfde, Anria Kruger die sestiende en Diederick Dippenaar die negentiende plek in die Oos-Kaap behaal.

(**Taalbond**: Alhoewel die leerders geskryf het, is hul vraestelle ten spyte van herhaalde oproepe en e-posse nooit deur die organiseerders by die poskantoor afgehaal nie. Dit is uiteindelik na ons teruggestuur.)

2.10.2 **Wiskundige Geletterdheid-Olimpiade**: Daar het 26 leerders aan die eerste rondte van die Wiskundige Geletterdheid-Olimpiade deelgeneem. Vyf leerders het

deurgedring na die tweede rondte. Drie leerders, nl. Bjorn Brown, Maryke van Zyl en Marizanne Kapp het brons sertifikate ontvang en Lea van Vuuren het ‘n blou sertifikaat verwerf.

Hierdie Olimpiade gee geleentheid aan leerders wat nie andersins die geleentheid kry nie om te presteer. Die selfvertroue wat dit meebring werk weer positief op hul klasprestasies in.

2.10.3 **Harmony Gold Wiskunde Kompetisie**: Die volgende leerders het na die tweede rondte deurgedring: Heinrich Basson, Christiaan Crouse, Elizabeth du Toit, Jacomien Hauman, Amy Rheeder en Wilmie Scholtz.

Amesa Wiskunde Kompetisie: Die volgende leerders het na die finaal deurgedring en sertifikate ontvang: Toshka Barnardo - blou en Lisé Crouse, Elizabeth du Toit, Léan Kilian en Jeannè Scholtz - silwer.

2.10.4 **Capitec Bank Wêreldkennis-Olimpiade**: Dertien leerders het vanjaar die Olimpiade afgelê wat deur Capitec Bank geborg is. Die verskeidenheid multikeuse vrae het die leerders se algemene kennis deeglik getoets. Zebeth Glöss het die hoogste punte behaal (69 %) en het ook die Algemene Kennisbeker verower.

2.10.5 **Algemene Wetenskap Olimpiade - 2008**: Die volgende leerders het sertifikate ontvang: Silwer - Léan Kilian en Brons - Luané Buys, Juan Geyer, Reinardt Herselman, Pierre Hulsman, Bianca Liebenberg, Janien Raubenheimer, Donique Smit en Christiaan Terblanche.

2.10.6 ***English Olympiad***: Jeannè Scholtz en Michelle Terblanche het deelgeneem aan die jaarlikse *Grahamstown Foundation English Olympiad*. Jeannè het ‘n silwer diploma en Michelle ‘n brons diploma verwerf.

2.11 **LOOPBAANDAE 2008**

Die reël van loopbaandae is ‘n effektiewe wyse om inligting oor ‘n wye spektrum beroepe aan graad 11 en 12 leerders bekend te stel om hulle by te staan in die uitdagende taak om ‘n beroepskeuse te maak. Graad 11 leerders het die jaarlikse Inkanyesi-NMMU loopbaandag in die Veremarksaal besoek waar ‘n wye verskeidenheid uitstallers beroepe aan leerders bekend gestel het.

Die NMMU-opedag is ook deur leerders bygewoon. Die Wes-Kaapse loopbaanuitstallersvereniging se uitstalling wat deur D.F. Malherbe gereël is, het aan die leerders, en ook dié van ander skole, die geleentheid gebied om kennis te maak met loopbaangeleenthede in die Wes-Kaap. Die immer gewilde *Rocking Future Roadshow*, wat plaaslike loopbaangeleenthede bekendstel, het ‘n verdere kennisgeleentheid vir graad 11 en 12 leerders gebied.

Leerders word ook aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon sodat kennis oor verskillende beroepe ingewin kan word en leerders ‘n meer ingeligte keuse kan maak.

(Mev. M. McFarlane)

3. BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

3.1 GEESTELIK

3.1.1 DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)

Die VCSV is ’n belangrike deel van die jaarlikse skoolprogram en bied elke jaar ’n wye verskeidenheid aktiwiteite en projekte aan waaraan leerders kan deelneem. Hierdie jaar was nogmaals ‘n besondere en geseënde jaar.

LEDETAL: Daar was ongeveer 300 ingeskrewe lede, waarvan 37 kringleiers was. Weer eens was daar ’n bestuur van 10 lede met Anria Kruger aan die stuur, asook mej. Martie Scholtz en mnr. Derek Jacobs, die JOT onderwyser, van die personeel se kant af.

BYEENKOMSTE: Daar is gereeld Vrydagmiddae byeenkomste in kringe, en Vrydagoggende vóór skool word daar saam gesing. Woensdae tydens tweede pouse word daar in groepies op die hokkieveld saam gebid. Donderdagoggende vóór skool is daar ‘n gebedsbyeenkoms in ons gebedskamer.

BASAAR: Ons basaar was ’n groot sukses en het ’n wins van R10 500 getoon. Leerders en ouers het almal ewe hard gewerk en dit was ‘n wonderlike gesellige aand.

KOFFIEKROEË: ’n Koffiekroeg is kwartaalliks gehou, en die bywoning was elke keer goed.

SOPKOMBUIS: Daar is met ‘n sopkombuis begin na die Walmer Township. Leerders en ouers bring sop en brood, wat dan deur leerders uitgedeel word in die *township*. Dit kry groot aftrek en maak heelparty leë mae vol!

VAS en WAKKERBLY AAND: Hierdie jaar se vas en wakkerbly aand is gehou ten bate van Laerskool Fontein. Nie net geldelike bydraes nie, maar ook skoolbenodigdhede en klere is ingesamel. Ouers het ook aangebied om te help met die herstel van stukkende toilette. ‘n Werksnaweek word beplan vir Maart 2009 wanneer die leerders die toiletmure sal verf terwyl die ouers dit regmaak.
TAKKAMP: Vanjaar se takkamp was soos gewoonlik ‘n fees. Die VCSV se diensjaarspan van Jeffreysbaai het die kamp kom aanbied en hul deelname het die kamp ‘n treffer gemaak. Hegte verhoudings is gesmee, daar is lekker gesing, wonderlike kringe is aangebied en groot groei het plaasgevind.

Baie dankie aan al die leerders en hul ouers, die personeel en die bestuur vir al die harde werk gedurende die jaar.
Weer eens gaan al die lof en eer aan ons Here Jesus Christus.

(Mev. M. McFarlane)

3.1.2 SKOOLVERLATERSKAMP

Die gebruiklike skoolverlaterskamp is gedurende die Junie-vakansie gehou. Matrieks van regoor die Oos-Kaap het bymekaargekom. Die Malherbiete wat dit bygewoon het, het dit baie geniet. Dit was volgens hulle ’n wonderlike ervaring om met matrieks uit ander skole saam te kom, en verskeie nuwe vriendskappe is gevorm.

(Mev. M. McFarlane)

3.2 KULTUURVERENIGING

Die deelname van so ’n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is in hierdie dae van vervlakkende waardes ’n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

3.2.1**SPRAAKKUNS**

Soos in die verlede het die Redenaars- en Debatsvereniging ‘n suksesvolle en bedrywige jaar agter die rug. Dit is met groot dankbaarheid dat ons 2008 in oënskou kan neem.

Ses senior redenaars het saam met mej. Bosch en mnr. Marais ‘n redenaars- en debatskursus bygewoon en as beoordelaars gekwalifiseer. Hierna het ‘n opleidingsgeleentheid vir onervare en debuutredenaars gevolg.

Twaalf seniors het aan die interne Senior Redenaarskompetisie deelgeneem. Die standaard was so hoog dat die beoordelaars gevra het dat ‘n ekstra plek toegeken word. Die uitslae was soos volg: Eerste - Amy Rheeder, Tweede - Emma Kotze, Derde - Lindy Scott, Vierde - Karlien Matthee, Jeannè Scholtz en Jacomien Hauman.

Die juniors het ook hul staal gewys en die volgende leerders is as wenners aangewys: Eerste - Jade-Chloé van Deventer, Tweede - Christine du Toit, Derde - Nathan Jacobs, Vierde - Lisé Crouse.

Bogenoemde leerders het D.F. Malherbe met sukses in die streeksuitdunne van die ATKV se Nasionale Redenaarskompetisie verteenwoordig. Hulle was waardige ambassadeurs van die skool en het hulle goed van hul taak gekwyt.

Hierna het die provinsiale rondte plaasgevind waartoe Nathan, Emma, Lindy en Amy deurgedring het.

Mej. Bosch het ook die skool as beoordelaar by bogenoemde kompetisies verteenwoordig.

Drie juniors het die ongewone prestasie behaal om in hul eerste kompetisie en sonder om nog ooit voorheen na ‘n debat van hierdie formaat te luister, provinsiale kleure te verwerf. Lisé Crouse, George Booysen en Simoné Gouws se debat is ook as die beste debat van die kompetisie aangewys. Tydens die Junie-vakansie het hulle die verrykende geleentheid gehad om aan die provinsiale rondte van die ATKV se Nasionale Debatkompetisie deel te neem.

Die interne Dink-of-Sinkdebat het vir groot opwinding gesorg en dié keer was die matriekspan die wenners.

Die senior debatspan het op die suksesse van die verlede voortgebou en Nico Malan tydens Interskole oortuigend die loef afgesteek. Sedert die ontstaan van hierdie kompetisie het D.F. Malherbe nog elke keer as wenners uit die stryd getree.

Dankie aan elke deelnemer, ondersteuner, ouer en ook mej. Jonker en mnr. Marais.

(Mej. A. Bosch)

Dit is langs ’n wenteltrap
dat ons by groot hoogtes uitkom.
FRANCIS BACON

3.2.2**VASVRA**

Die Algemene kennisspanne het vanjaar aan die jaarlikse Interskole teen Nico Malan en aan die *Varsity College Quiz*, deelgeneem.

Philip le Grange, Zebeth Glöss, Carina Scheepers en Marizanne Pienaar het DF by die Interskole vasvra verteenwoordig. Na ‘n taai stryd het hulle egter die knie teen Nico Malan gebuig.

Philip le Grange, Zebeth Glöss, Rikus van Eeden, Leo Hulsman (DF 1) en Carina Scheepers, Willem Naudé, Marizanne Pienaar, Wynand Malan (DF 2) het aan die *Varsity College Quiz* deelgeneem. Hulle het onderskeidelik twaalfde en veertiende uit 25 spanne geëindig. Baie dankie aan die leerders vir hul toewyding en harde werk!

(Mej. C. Killian en mnr. D. Bezuidenhout)

3.2.3**DF APPLOUS**

Toneelstukke geskik vir jonk en oud is moeilik bekombaar in Afrikaans. In die lig hiervan is ds. Danie Matthee genader om ‘n stuk te skep wat vir tieners toeganklik is en vir almal genotvol sal wees. Uit sy pen het Hoërskool D.F. Malherbe se 2008 produksie *Breek ‘n Been* gekom.

Dit was verfrissend en inspirerend om te sien hoe die nuutgeskrewe toneelstuk vanaf slegs ‘n idee vorm aanneem en ‘n volwaardige produksie op die Operahuis se verhoog op 13 en 14 Mei word. Dit was ooglopend, al gedurende die oudisies, dat DF se leerders die teks baie geniet het. Daar was ongeveer tagtig leerders in die toneelgeselskap. Die hoofrolle is deur Zandi Loots, Jani van Wyk en Chris de Klerk vertolk. Emma Kotze, Orlandi Scheepers, Marco Markgraaff, Herman Geyer, Marné Nel, Darné Claassen, Wilmie Scholtz en Joné Smith het almal ondersteunende rolle gehad. Wat hierdie produksie so besonders gemaak het was dat alle persone in die toneelgeselskap, vanaf die verhooghulp en kolligoperateurs tot dansers en akteurs, hulle rolle as belangrik geag het en net hulle beste gegee het. Hierdie spanpoging het van *Breek ‘n Been* ‘n groot sukses gemaak. Daar is baie talent onder die leerders. Hulle toewyding en natuurlike vertolking het bygedra tot ‘n lewendige opvoering.

Die regie vir *Breek ‘n Been* is deur mev. Anne Hobson en ds. Danie Matthee behartig. Mevv. Chrizelle Landman en Rina Dippenaar was vir die musiek verantwoordelik. Mej. Marlize Marx was ‘n uitstekende dans choreograaf. Die danse was energiek en mej. Marx se kreatiewe choreografie het die gehoor meegevoer. Mev. McFarlane en mej. Bosch was vir die dekor en verhoogbestuur verantwoordelik.

Die volgende persone is ook genomineer vir ‘n *Showtime* toekenning wat op 23 Januarie 2009 plaasvind: Zandi Loots, Jani van Wyk, Chris de Klerk, Emma Kotze, Orlandi Scheepers, Marco Markgraaff, mev. Anne Hobson, ds. Danie Matthee, mev. Chrizelle Landman, mev. Rina Dippenaar, mej. Marlize Marx en mnr. Toto Sonjica.

Die reis saam met almal wat deel uitgemaak het van die *Breek ‘n Been* span het ‘n blywende indruk gemaak. Die leerders se toewyding en energie het geïnspireer, want hulle het aangehou totdat almal tevrede was.

Malherbiete, julle is die beste! Ons is trots op julle.

Tydens die *SA Drama Teachers Festival* het Marco Markgraaff, Amari Annandale, Carina Scheepers, Alet du Toit, Kelly Jordaan en Jaques le Roux ‘n program getiteld *The Best of Bosman* opgevoer en ‘n dubbel goud verower.

Marco Markgraaff het ‘n goud en ‘n silwer diploma vir sy vertolking van ‘n gedig en ‘n monoloog by die Despatch Kunsfees verwerf.

(Mev. A. Hobson)

3.2.4**SKOOLTYDSKRIF : *MALHERBIET***

Die skooltydskrif *Malherbiet* het ‘n besondere jaar beleef. Baie hoë joernalistieke standaard is gehandhaaf en opwindende vernuwing ten opsigte van die inhoud en tegniese prosedures het plaasgevind.

Die redaksiekamp by Seaview het as opleidings-, beplannings-, en motiverende geleentheid gedien. Volgens tradisie is die kamp met ‘n braai vir die ouers afgesluit.

Sommige personeel- en redaksielede het die koerantkursus by Hoërskool Brandwag bygewoon.

Die Valentynsbal was sowaar “hemels” soos die tema van die aand ook aangedui het. Die spannende Voorafnooi-aande en die opwindende Voorbladnooi en Mnr. Heinz-DF-kompetisie was glansaande en uiters suksesvolle fondsinsamelingsgeleenthede.

Sonder die hulp en harde werk van elke redaksielid se ouers en die ondersteuning van sakelui uit die gemeenskap sou *Malherbiet* nie kwartaalliks kon verskyn nie. Aan hulle ‘n besondere woord van dank.

Aan elke leerder wat met soveel entoesiasme, ywer, toewyding en kreatiwiteit op die redaksie gedien het, ons opregte dank en waardering.

‘n Groot en opregte dankie aan die volgende personeellede vir hul harde werk en ongelooflike spangees: mevv. M. Scholtz, D. Griffin, mejj. M. Scholtz, C. Killian en mnr. A. Marais.

Sonder mnr. A. van Wyk, mevv. M. McFarlane en M. Scholtz se raad en hulp en die redaksie se geduld en verdraagsaamheid sou die oorname deur ‘n nuwe organiseerder nie so glad kon verloop het nie.

(Mej. A. Bosch)

3.2.5 **KOOR EN MUSIEK**

Die volgende leerders was vanjaar DF se verteenwoordigers in die Oos-Kaapse Kinderkoor: Jolene Davis, Christene du Toit en Marizanne Pienaar.

Kabaret: *Silhouette* het gedurende 2008 by ‘n paar mooi geleenthede opgetree. Een van die hoogtepunte was die voorprogram vir Helene Bester gedurende die tweede kwartaal. Verdere optredes sluit in ons skool se Kultuurprysuitdeling en Laerskool Newtonpark se Bemarkingsaand.

(Mev. C. Landman)

Die volgende leerders het hulle onderskeie musiekeksamens geslaag: Kristine Dutton - Unisa prakties graad 6 (klavier) met eervolle vermelding; Leoni Davis - Unisa graad 5 (klavier) en Unisa teorie graad 5 met eervolle vermelding; Carien Gerber - Unisa prakties graad 3 (klavier); Ilse Volmer - Unisa prakties graad 2 (klavier). Ons is trots op hulle!

(Mev. E. Steenkamp)

3.2.6 **ATKV DF Patatters**

Die afgelope jaar het beslis nie ongesiens verby gegaan in die Patattersdagboek nie. Natuurlik was daar nóg ‘n suksesvolle Afrikaans week. Die tak het weer gespog met ‘n baie suksesvolle Afrikaanse sokkie, Afrikaanse musiek tydens pouses en daaglikse vars Afrikaanse idiome en woorde.

‘n Paar nuwe projekte en fondsinsamelings is ook gedurende die jaar aangepak. “My hart loop oor in Afrikaans” op Valentynsdag, ‘n “Pers pannekoek- en pantoffeldag” en natuurlik *Die Melktertkommissie* se optrede is voorbeelde van die bogenoemde.

Emma Kotze en Joné Smith het die tak by die jaarlikse ATKV-simposium te Goudini verteenwoordig.

Beoogde projekte vir 2009 sluit ‘n “Keppie en kolfyntjie dag”, die organisering van die skool se eenbedryfaand, ‘n Afrikaans week en ‘n gemeenskapsprojek in.

(Emma Kotze)

3.2.7 **KULTUURPRYSUITDELING 2008**

REDENAARS:

J.H. Visser-beker vir beste junior redenaar
Nathan Jacobs

D.C. de Villiers-beker vir beste senior redenaar
Amy Rheeder

Meriete - Lisé Crouse, Nathan Jacobs, Emma Kotze, Amy Rheeder, Lindy Scott

DEBAT:

Erekleure - George Booysen, Lisé Crouse, Simoné Gouws

SPRAAK EN DRAMA:

D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende aktrise
Emma Kotze

D.F. Applous-beker vir beste danser
Llewellyn Barnard, Marlise Keller

D.F. Applous-beker vir beste tegniese bydrae
Neil Louw, Marco Potgieter, Rikus van Eeden

Mev. K. Barnard-beker vir beste aktrise
Jani van Wyk, Zandi Loots

Meriete - Amari Annandale, Llewellyn Barnard, Thea Buckle, Alet du Toit, Misha du Toit, Diederick Dippenaar, Herman Geyer, Riaan Grobbelaar, Jacomien Hauman, Emma Kotze, Tanya Marais, Karlien Matthee, Marné Nel, Sarel Odendaal, Kay-Leigh Pike, Ulrïch Rademeyer, Amy Rheeder, Carina Scheepers, Lindy Scott, Jani van Wyk, die groep *The Best of Bosman* aan wie ‘n dubbelgoud-toekenning by *The Drama Teachers Festival* gemaak is

DANS:

Fourie Wisselbeker vir ballet
Jani van Wyk

Erekleure - Emma Kotze, Jani van Wyk

Baldans-wisseltrofee vir die leerder wat die beste gevaar het in die Internasionale Bal- en Latyns-Amerikaanse Sosiale Danseksamen
Jaco-Louw Wolmarans

Toekenning aan die DF paartjie wat die beste gevaar het in die jaarlikse Interskole Danskompetisie
Llewellyn Barnard en Jeannè Scholtz

SKRYFKUNS:

Andries Ferreira-beker vir die beste skrywer graad 8 - Nadia Ferreira;

graad 9 - Martin Stolk; **graad 10** - Annika Theron; **graad 11** - Jeannè Scholtz; **graad 12** - Amy Rheeder

JOERNALISTIEK:

ATKV-beker vir Joernalistiek
Liza Carne

Meriete - Liza Carne, Diederick Dippenaar, Emma Kotze, Karlien Matthee, Jeannè Scholtz

Spesiale toekenning vir 'n berig van hoogstaande gehalte
Philip le Grange, Neil Louw

KOORSANG:

Meriete - Jolene Davis, Christene du Toit, Marizanne Pienaar

KABARET:

Meriete - Jaco Alberts, Zené Annandale, Darné Claassen, Herman Geyer, Nathan Jacobs, Marné Nel, Jani van Wyk

3.3 **MATRIEKTOER 2008**

Die agt en twintigste Matriektoer was weer eens 'n besondere ervaring. Die toergroep het bestaan uit 67 leerders, 2 busbestuurders en 5 opvoeders. Ons het met een groot bus en 'n skoolbussie getoer. Die toerleiers was Anria Kruger en Michal Müller, wat hulle goed van hul taak gekwyt het.

Die weer was goed en ons kon weer al die tradisionele roetes stap: Sterkhorn, Tugela en Mount-aux-Sources. Uitstappies het 'n roofvoël vertoning en 'n besoek aan Spioenkop (met 'n lesing) ingesluit.

Verblyf was vir die eerste keer by Emseni (naby Winterton) en weer by Drakensville. Ten spyte van die opwinding van meganiese probleme met die groot bus was die toer weer 'n onvergeetlike ondervinding.

Dankie aan die personeel (mejj. Scholtz en Killian en mnre. O'Connell en Marais) vir die opoffering van hul vakansie en die neem van verantwoordelikheid op die toer.

(Mnr. D. Bezuidenhout)

3.4 **MATRIEKDANS**

Daar is op 26 September 2008 afskeid geneem van 116 matrieks met 'n kleurvolle karnaval in die Veremarksaal. Die aand was 'n groot sukses.

(Graad 12 Voogonderwysers)

3.5 **NOODHULP**

Ons het vanjaar weer 'n ywerige noodhulpspan gehad. Die leerders het by tuiswedstyde diens gedoen.

Dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het. Ons wil die hoop uitspreek dat noodhulp weer in 2009 sal voortgaan om goeie diens te lewer.

(Mej. E. Jonker)

3.6 **BLOEDSKENK**

Danksy al die Malherbiete - leerders en personeel - wat so getrou hul moue opgerol het, het D.F. Malherbe vanjaar ‘n impak op honderde onbekendes se lewens gehad.

Die portuurleiers het weer ‘n opleidingsgeleentheid en ‘n afsluitingsfunksie bygewoon.

Ons portuurleiers verdien beslis ‘n pluimpie vir hul organisatoriese vermoëns, toewyding en onbaatsugtige diens.

(Mej. A. Bosch)

3.7 **SPORT**

3.7.1 **ATLETIEK**

Die Kleurebyeenkoms het weer vanjaar, net soos verlede jaar, groot geesdrif, opwinding en pret opgelewer. Dit was ‘n bevestiging dat die nuwe byeenkomsformaat, naamlik dat die leerders in graadverband teen mekaar kompeteer, effektief is.

Vervolgens ‘n vergelyking tussen die uitslae van 2007 en 2008 ten opsigte van spankompetisie.

KLEUREBYEENKOMS

	Graad 12	**Graad 11**	**Graad 10**	**Graad 9**	**Graad 8**
2007	vyfde	eerste	tweede	derde	vierde
2008	tweede	eerste	vierde	derde	vyfde

Die volgende afleidings kan in verband met bostaande uitslae gemaak word:

- Verlede jaar se graad 11 het met 1 posisie verswak (eerste na tweede).
- Verlede jaar se graad 10 het met 1 posisie verbeter (tweede na eerste).
- Verlede jaar se graad 9 het met 1 posisie verswak (derde na vierde).
- Verlede jaar se graad 8 het met 1 posisie verbeter (vierde na derde).
- Die matrieks van vanjaar het baie beter as die matrieks van verlede jaar gevaar (tweede teenoor vyfde).
- Die graad 8 van vanjaar het swakker gevaar as die graad 8 van verlede jaar (vyfde teenoor vierde).

Baie geluk aan vanjaar se wenners naamlik die Rooi Pirates (graad 11). Die vraag is kan julle nommer 1 bly in 2009?

DF kon nog nie een keer sedert 2004, toe die Interskole atletiek tussen ons en Hoërskool Nico Malan begin het, die byeenkoms wen nie - dit demoraliseer van ons atlete. Daar is ‘n algemene gevoel dat die formaat van hierdie betrokke byeenkoms gerus ook kan verander word. Een van die gedagtes is dat daar meer skole by die byeenkoms betrek moet word - die saak word ondersoek.

Ons toppresteerders by vanjaar se Interskole byeenkoms was: Junior Victrix Ludorum - Lutske Doubell, Senior Victrix Ludorum - Natasja Gerber, Beste o/16 baanatleet - Vinette van der Merwe, Beste o/17 veldatleet - Elandré Gouws.

DF was, soos in die verlede, goed verteenwoordig by die Sone 8 byeenkoms (± 130 atlete). Ons atlete was by hierdie byeenkoms kompeterend genoeg om eerste, tweede en derde plekke te behaal. Die volgende aflosspanne het ook tydens dié byeenkoms gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole byeenkoms deel te neem: Dogters o/14, o/15, o/16 en o/17 asook seuns o/14, o/16, o/17 en o/19.

Daar het 71 van ons atlete gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole byeenkoms deel te neem. Hulle het die skool met trots verteenwoordig en het 4 eerste, 14 tweede, 9 derde en 2 vierde plekke behaal.

29 van ons atlete het tydens bogenoemde byeenkoms gekwalifiseer om aan die Nelson Mandela Metro Skole byeenkoms deel te neem.

Die volgende atlete word, ná die byeenkoms, ingesluit in die Nelson Mandela Metro span wat aan die Oos-Kaap Hoërskole byeenkoms in Oos- Londen gaan deelneem het: Lutske Doubell - 100 en 200 m (dogters o/15); Ané Ferreira - 800 m (dogters o/19); Natasja Gerber - 400 m (dogters o/19); Marolene Gouws - 1 500 m (dogters o/15); Reginald Hufkie - 10 km stap (seuns o/17) en J.C. Wagener - spiesgooi (seuns o/19).

Bogenoemde atlete het hulle baie goed van hulle taak gekwyt teen die Oos-Kaap se bestes en behaal die volgende uitslae: Ané wen die 800 m item (goue medalje); Natasja behaal ‘n tweede plek in die 400 m (silwer medalje); en Reginald kom tweede in die stap (silwer medalje). Die genoemde atlete het met hulle topgehalte pogings by die Oos-Kaap kampioenskappe gekwalifiseer om aan die Nasionale Hoërskole Kampioenskappe in Rustenburg deel te neem.

Al drie laasgenoemde atlete is ook gekies om aan die SA Jeug en Junior Kampioenskappe in Pretoria deel te neem. Reginald het daar ‘n brons medalje verwerf in die 10 km stap vir seuns o/17. Natasja het ‘n vyfde plek in die 400 m dogters o/19 behaal.

Ek is bekommerd oor ‘n algemene onwilligheid by ons leerders om hard te oefen. Ek is oortuig daarvan dat nie net ons skool se atletiek-uitslae nie, maar al ons sportuitslae baie beter kan lyk indien ons leerders ernstiger wil raak oor OEFEN. Ek doen gevolglik ‘n beroep op al ons ouers om asseblief u kinders aan te moedig om ernstiger te raak oor DF SPORT.

‘n Groot dankie aan al ons atlete, afrigters, personeellede en ouers wat DF se atletiek laat voortleef!

(Mnr. M. Smith)

3.7.2**BALDANS**

DF se leerders het gedurende 2008 andermaal geesdriftig deelgeneem aan die Baldans bedrywighede. Tot ons spyt was die ledetal nis so groot soos in 2007 nie. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verlies van die entoesiastiese, talentvolle groep 2007-graad 10's, wat almal in graad 11 opgehou het, nie net as gevolg van die akademiese druk nie, maar ook vanweë hul deelname aan *Breek 'n Been* en Voorbladnooi/Mnr. Heinz-DF, wat net te veel van hul tyd in beslag geneem het.

'n Hele groep entoesiastiese graad 8's het egter by die Klub aangesluit en 'n mens kan maar net jou hande saamslaan oor hoeveel die kinders binne 'n jaar leer!

Die hoogtepunte van die jaar was die Interskole Kompetisie, die danseksamen en die formele Bal.

Interskole Kompetisie

Die Interskole is gedurende Mei deur Pearson aangebied. Altesaam 10 skole het aan hierdie groot samekoms van tienerdansers deelgeneem en DF het ons trots gemaak deur 'n vierde plek te behaal.

Danseksamen

Op 22, 23 en 24 Augustus het 23 van ons dansers hul danseksamen afgelê: veertien vir die Brons sertifikaat en nege vir die pre-Brons sertifikaat. Almal het uitstekend gevaar. Jaco-Louw Wolmarans was die leerder met die hoogste persentasie, naamlik 91 %.

Dansbal

Op 12 September 2008 het DF se tweede formele Dansbal plaasgevind. DF se dansers was dié jaar Alexander Road High se gaste. Dit was 'n baie deftige en stylvolle geleentheid en die dansers van DF het pragtig gelyk en hul onberispelik gedra.

'n Spesiale dankie aan Theodor Herzl wat hul saal aan ons beskikbaar gestel het vir oefeninge, as ons eie saal vir iets anders gebruik is, asook aan mnr. Ron Sanderson-Smith en sy assistente, sonder wie die Baldanse by DF nie moontlik sou wees nie.

(Mev. A.M.B. Scholtz)

3.7.3**GHOLF**

Ons kan terugkyk op ‘n baie suksesvolle jaar wat gholf betref. Beide die eerste en tweede gholfspanne het hul goed van hul taak gekwyt.

Ons eerste span het ‘n goeie gemiddelde gehandhaaf in ‘n baie sterk kompetisie. Dieselfde kan gesê word van die tweede span wat teen ander skole soos Westering, Alex, H.T.S. Newton en Pearson se eerste spanne moes meeding.

Tydens die O.P uitkloptoermooi het DF vyfde geëindig.

Die 2008 se kampioenskappe is bepaal deur die beste gemiddelde van alle wedstryde gespeel te neem. Baie geluk aan Sean Roux (tweede jaar senior) en Jason Holtshausen (junior) wat vanjaar se kampioene is.

Vir die eerste keer het ‘n groep van sestien beginner spelers gedurende die eerste kwartaal baie geslaagde professionele afrigting te Walmer Woods ontvang.

Graag wil ons dankie sê aan ons matrieks, Sean Roux (kaptein), Sarel Odendaal, Francois Smith, Gerhard en Riaan Grobler, Ruan Potgieter en Aidan Vermeulen vir hul positiewe bydraes. Ons verlies is weer eens groot, maar ons is opgewonde oor die juniors wat agterbly asook seniors wat begin gholf speel het.

’n Baie suksesvolle gholfdag is op 8 Maart gehou en sal DV weer op 7 Maart 2009 by *Shark River* Gholfklub plaasvind.

Interskole is deur ons verloor, maar ons sal graag volgende jaar die bordjies wil verhang.

Groot dank aan:

- *Shark River* Gholfklub vir alles wat vir ons gholfspelers aangebied is - ook vir die hou van ons Gholfdag;
- Mnr. Erasmus vir hulp tydens die Gholfdag;
- Alle borge en ouers vir hul groot ondersteuning tydens die Gholfdag asook die dogters wat gehelp het;
- Meneer Ouboet du Preez en Francois van Rensburg (oud-skolier) vir groot hulp tydens Gholfdag gelewer;
- Ons Hemelse Vader vir bewaring op die paaie sodat ons elke keer veilig tuis kon kom.

(Mnr. T. van Zyl)

3.7.4**HOKKIE (DOGTERS)**

Ná die afgelope opwindende seisoene wat DF Hokkie beleef het, is daar met groot afwagting uitgesien na die 2008-seisoen. Weer eens het DF se hokkiespelers ons nie teleurgestel nie! Ten spyte van baie sterk kompetisie in die Premier-liga het die eerste span baie goeie rekenskap van hulself gegee en deurgaans DF se naam hoog gehou.

Daar is vanjaar ‘n rekord van sewe spanne in die verskillende ligas ingeskryf; ‘n eerste, tweede en derde span asook twee onder 16 spanne en twee onder 14 spanne.

Namens al die spelers en ouers wil ek graag ons dank betuig aan die 2008 afrigters vir hulle entoesiasme, toewyding en wonderlike gesindheid. Ons sou dit nooit sonder julle kon doen nie! Hulle is mej. C. Killian (onderwyseres) en buite-afrigters mevv. K. Hauman en R. Scholtz, mejj. A. Koen en L. Botha. Nog ‘n groot woord van dank aan mej. C. Rietmuller wat gereeld op Saterdae as skeidsregter opgetree het, asook mev. C. Kruger vir waardevolle ondersteuning.

’n Baie groot woord van dank aan al die ouers vir julle wonderlike ondersteuning tydens oefeninge en wedstryde. Dankie vir julle ongelooflike positiewe bydrae op alle terreine! DF Hokkie en julle dogters waardeer dit baie.

Daar word groot dinge beplan vir 2009! Verdere inligting sodra finale reëlings getref is.

Hiermee die toekennings gemaak vir die 2008 seisoen:

Beste vordering o/14: Yolande van Staden
Beste vordering o/16: Bianca Deyzel
Beste vordering o/18: Jessica van der Merwe
Beste speler o/14: Lize de Jager
Beste speler o/16: Annika Theron
Beste speler o/18: Jacomien Hauman

‘n Nuwe beker genaamd die Anria Kruger beker vir volharding en sportmangees is vanjaar geskenk deur Anria Kruger (kaptein van die eerste span) en is toegeken aan Louise Moss.

Meriete is aan Zené Annandale, Kristine Dutton, Jacomien Hauman, Anria Kruger, Janita Trytsman en Sjani van As toegeken.

Baie geluk aan al hierdie spelers met hulle onderskeie prestasies.

Die uitslae van die 2008 seisoen:

Span	**Liga**	**Aantal wedstryde**	**Wen**	**Verloor**	**Gelykop**
1ste	Premier	18	4	12	2
2de	3de	10	1	4	5
3de	4de	5	2	3	0
o/16A	o/16B	13	1	12	0
o/16B	o/16C	10	2	5	3
o/14A	o/14C	10	2	7	1
o/14B	Beginners	9	1	7	1

‘n Spesiale woord van dank aan Anria Kruger (kaptein) en Jacomien Hauman (onderkaptein) wat ons eerste span op ‘n besondere wyse gelei het.

Spelers van 2008, julle bly ons trots!

(Mev. P. Vosloo)

3.7.5**HOKKIE (SEUNS)**

'nGroep bekwame en toegewyde seuns het hierdie jaar voorwaar DF se naam hoog gehou. 'n Eerste en 'n tweede span het in die tweede liga meegeding. Ons eerste span het egter ses van sy wedstryde teen eerste liga spanne gespeel.

Hoogtepunte was toe ons eerste span teen Hottentots Holland se span geseëvier het en vroeg in die seisoen gelykop gespeel het teen Framesby se eerste span.

Ons wil dankie sê aan alle betrokkenes, ons twee afrigters Michael van Rensburg en Therese Roux, ons ouers en vriende vir hulle ondersteuning langs die veld en al ons borge wat ons so ongelooflik ondersteun het.

Die uislae vir die seisoen was soos volg:

Span	Liga	Wen	Verloor	Gelykop
Eerste	tweede	5	6	2
Tweede	derde	4	4	3

Die volgende toekennings is tydens die Sportprysuitdeling gemaak:

Beste vordering tweede span	-	Johan Viviers
Beste vordering eerste span	-	Francois Smith
Beste speler (junior)	-	J.P. Cronjé
Beste speler (senior)	-	Sean Roux

Meriete is aan die volgende spelers toegeken: Gerhard Grobler, Riaan Grobler, Morné Janse van Rensburg, Anrich Nel, Sarel Odendaal, Sean Roux, Francois Smith en Ludwig Zietsman.

(Mev. M. Odendaal)

3.7.6**KRIEKET (SEUNS)**

2008 was weer ‘n jaar van gemengde sukses vir krieket by DF. Ons aantal krieketspelers noodsaak ons om aan die begin van die jaar die volgende spanne in te skryf:

eerste span	-	eerste liga
tweede span	-	derde liga
o/14 span	-	o/14B liga

Tydens die vierde kwartaal, onderhewig aan genoeg spelers, skryf ons dan ook ‘n o/15 span in.

Ons het weer aan die Pro-twintig toernooi in Despatch deelgeneem, waar ons twee wedstryde verloor en een gewen het.

Wessel Claassen was ons mees suksesvolle bouler en kolwer en is met albei pryse beloon tydens die Sportprysuitdeling.

Dankie aan die personeel: mnre. Erasmus, O’Connell en Sangerhaus, mnr. Van der Merwe vir die kos tydens tuis wedstryde en al die leerders wat gehelp het met tellinghou, ens.

(Mnr. D. Bezuidenhout)

3.7.7**KRIEKET (DOGTERS)**

DF is deur twee spanne in die eerste kwartaal verteenwoordig. Die eerste span het gelykop gespeel teen Linkside en verloor teen Framesby. Die tweede span het verloor teen St Thomas en gewen teen Pearson.

Die seisoen is erg deur reën en slegte weer gekortwiek en die spelers kon slegs ‘n beperkte aantal wedstryde speel. In die vierde kwartaal het ‘n gekombineerde span ‘n wedstryd teen Linkside gespeel en naelskraap verloor.

Marizanne Kapp het goed presteer deur die OP en SA o/19 spanne te verteenwoordig.

Baie dankie aan mnre. Mostert, Potgieter, Erasmus en Bezuidenhout asook die terreinwerkers vir die voorbereiding van die velde en hulp tydens die seisoen.

(Mej. C. Killian)

3.7.8**LANDLOOP**

Die handjievol landloopatlete het werklik hierdie jaar hul teenwoordigheid op die landloopbaan laat geld.

Ons het die seisoen begin met ons deelname aan die mini ystermankompetisie waar ons span (Meake Brown en Ané Ferreira) ‘n tweede plek behaal het. Meake word ook gekies as lid van die O.P.-tweekampspan.

Gedurende ons Woensdae liga-wedlope het Ané Ferreira en Bennie Bellingan gereeld onder die eerste twee atlete geëindig. Marolene Gouws het ook mooi prestasies gelewer en hierdie drie atlete is dan ook al drie vir die Oos-Kaap landloopspan gekies. Dit is voorwaar ‘n prestasie om op trots te wees. Ons atlete het gereeld deelgeneem aan padwedlope en hier is ook mooi prestasies gelewer.

Tydens die jaarlikse Interskole teen Nico Malan het ons beide die seuns- en dogtersafdeling gewen. In die skole-aflos wat by Framesby plaasgevind het, het ons eerste dogterspan ‘n derde plek en ons seuns ‘n agste plek behaal.

Ons neem vanjaar afskeid van twee baie groot staatmakers, Garth van Eck en Heinrich Basson. Ons is jammer om hierdie twee waardevolle atlete te verloor en wens hulle alle sukses toe met hul toekomsplanne.

Baie dankie aan mnr. Van Eck wat ons van T-hemde voorsien het. Ons het sommer spoggerig by ons byeenkomste gelyk. Dankie ook aan Bennie Bellingan (sr.) en sy vrou Adri, wat ons afskeidsfunksie geborg het. Met sulke ouers kan landloop in DF net van krag tot krag gaan. Ook ‘n groot dankie aan al ons atlete wat so getrou op hul pos was en die ouers wat ons so gereeld ondersteun het.

In landloop is daar altyd ‘n geleentheid vir almal. Moedig dus u kind aan om by ons aan te sluit.

(Mej. A. Carstens)

3.7.9**MUURBAL**

Ons het vanjaar ‘n baie jong span gehad. Ons is baie trots op elke spanlid wat sy/haar bes gedoen het. Ons sal Herman Geyer, wat vanjaar in matriek was, volgende jaar baie mis.

Uitblinkers in die span was Ruan van Wyk en Corben Nel. Ruan van Wyk is weer in die O.P. span opgeneem.

Ons sien met groot verwagting uit na 2009 se westryde!

Baie dankie aan mnr. Viljoen vir sy afrigting en lojaliteit.

(Mej. E. Jonker)

3.7.10 **NETBAL**

DF-Netbal het ‘n besige seisoen beleef met gemengde uitslae. Ons het afgeskop met die Despatch toernooi in Maart waaraan ons eerste span deelgeneem het. DF vaar uitstekend deur AL hulle westryde te wen: Kirkwood (8-2), Grens (6-4), Nico Malan (8-7) en Volkskool (8-3).

Ons liga-wedstryde het in die tweede kwartaal afgeskop en die volgende statistieke is vir 2008 deur ons tien spanne behaal:

	Wedstryde	**Wen**	**Gelykop**	**Verloor**
o/19A	12	10	0	2
o/19B	8	4	1	3
o/19C	8	4	1	3
o/19D	7	5	0	2
o/16A	9	6	0	3
o/16B	9	6	0	3
o/16C	6	2	0	4
o/16D	4	1	0	3
o/14A	9	2	0	7
o/14B	9	3	1	5

Baie geluk aan Melany Bain wat in die Oos-Kaap o/19 span opgeneem is.

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14 - Mieke Alberts
Mees belowende speler o/14 - Elzaan van Eeden
Beste vordering o/16 - Danielle de Klerk
Mees belowende speler o/16 - Darné Claassen
Beste vordering senior - Lee-zaan Kapp
Beste senior speler - Natasja Gerber

Erekleure is toegeken aan Melany Bain.

Baie dankie aan al die ouers wat ons so getrou ondersteun het asook aan ons eerste span borge vir 2008, African Brick Centre, Caravan Craft en Moore Stephens. DF netbal en die speelsters waardeer julle!

Aan ons buite-afrigters ‘n spesiale dankie vir al julle tyd, opoffering en entoesiasme tydens oefeninge, wedstryde en spanbou-sessies - julle word baie waardeer! Hulle is mevv. E. Fick, J. Sharp en me. C. Badenhorst.

Mag DF netbal op 2008 se suksesse voorbou!

(Mev. C. Landman)

3.7.11 **RUGBY**

Die eerste rugbyspan het vanjaar vir die eerste keer gedurende die Julie vakansie aan die Cambridge toernooi in Oos-Londen deelgeneem en baie goed gevaar teen groot bekende skole - ons wedstryde was teen Selborne en Cambridge.

Die o/15 spannetjie het die verwagtinge wat verlede jaar geskep is vanjaar nagekom. Hulle het sprankelende rugby gespeel en is as die span van die seisoen aangewys.

Ons sport-organiseerder/bemarker, Christo Scriven, het ‘n baie suksesvolle afrigtingsprogram by ons voeder-laerskole aangebied. Ons hoop dat ons hierby gaan baat en dat die vrug van sy arbeid diep spore sal trap in DF-rugby.

Opregte dank aan al die afrigters vir die lang ure wat hulle ingesit het dié seisoen - veral diegene wat nie op die personeel is nie, maar help uit belangstelling en liefde vir die spel (Robert Blignault, Frans Geldenhuys, Marius Weyers en die oudleerders J.P. du Plooy en Kobus Hugo).

Baie dankie aan afrigters, vriende van DF en Unie-skeidsregters wat Saterdae ons wedstryde hanteer het. Dankie ook aan die noodhulp leerders wat met toewyding en ywer hulle taak verrig het.

‘n Spesiale woord van dank aan alle vorme van borgskappe die seisoen - in besonder Pick ‘n Pay.

Ten slotte, baie dankie aan ons ondersteuners, lede van die Ondersteunersklub, oudskoliere, ouers en ander getroues wat Saterdae hand bysit met wat ook al gedoen moet word.

Rugby uitslae 2008

Span	Speel	Wen	Verloor	Gelykop
Eerste	18	10	8	0
Tweede	13	8	5	0
Derde	13	5	8	0
Vierde	6	0	6	0
o/15	13	10	3	0
o/14	12	4	8	0

Toekennings:

Beste span prestasie - o/15
o/14 speler met meeste potensiaal - Ryno Weyers
Beste vordering (junior) - Andries Garcia
Junior speler met meeste potensiaal - Christiaan Dempers en Jon-Marc Pike
Tweede span speler (toewyding en sportmangees) - Rikus van Eeden
Beste vordering (senior) - Ruan Potgieter
Meeste wedstryde vir eerste span - J.C. Wagener
Beste senior speler - Dominique Blignault

(Mnr. E. Erasmus)

3.7.12 **SKAAK**

Gedurende die Desember-vakansie het Heinrich Basson en Nicola Alberts aan die S.A. Junior Geslote Kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem. Heinrich het ‘n sewende plek vir seuns o/18 en Nicola ‘n vyfde plek vir dogters o/20 behaal.

Lisé Crouse, Toshka Barnardo en Nicola Alberts het aan die S.A. Junior Skaaktoernooi deelgeneem. Toshka kwalifiseer vir die o/14 Chessa span vir die Dubai Junior Kampioenskappe in Junie en Nicola haal die S.A. Junior Skaakspan vir die Afrika Junior Kampioenskappe in Desember. Sy het ‘n uitstekende twaalfde plek in die o/20

afdeling behaal. Dit is ‘n besondere prestasie aangesien sy ‘n o/18 speler is en teen die beste seuns en dogters in die land meegeding het. Hierdeur het Nicola ook haar lewensdroom om S.A. kleure vir Skaak te verwerf, verwesenlik.

Vier van DF se leerders, Christiaan Crouse, Cornelius Greyling, Lisé Crouse en Toshka Barnardo, het aan die OP o/18 en o/16 skaaktoernooi deelgeneem. Cornelius het ‘n eerste plek in die o/16 afdeling en Lisé ‘n tweede plek in dogters o/16 afdeling behaal.

Lisé Crouse en Wynand Malan het deelgeneem aan die OP proewe. Lisé het ‘n 18de plek behaal en is as die beste dogterspeler in die o/16 afdeling aangewys. Wynand het sesde in dieselfde afdeling gekom. Toshka Barnardo is deur die Chessa liggaam van Suid-Afrika genooi om in Frankryk aan ‘n Internasionale kompetisie deel te neem. Sy behaal ‘n skitterende sesde plek in dié kompetisie.

Toshka Barnardo het die OP in ‘n toernooi wat in Kaapstad plaasgevind het verteenwoordig en het vier van haar sewe rondtes gewen.

DF het slegs een wedstryd in ses jaar in die Oostelike Provinsie verloor en het dus vanjaar die tweede plek in die A-liga behaal.

Tydens die jaarlikse Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak: die Van der Berg-beker vir die beste vordering in skaak - Petrus Roets en die Jacques van Wyk skild vir die beste speler - Nicola Alberts.

3.7.13 **TENNIS**

Ons kon die afgelope jaar weer in die winter- en somerseisoen spanne in die skole-tennisligas inskryf.

In die eerste kwartaal het vier dogterspanne en drie seunspanne met gemengde welslae hul wedstryde gespeel. In die winter het een dogterspan en twee seunspanne die skool op die tennisbaan verteenwoordig.

Tydens Interskole het ons dogters pragtennis gespeel en vir Nico Malan 41 - 31 geklop. Die seuns het ongelukkig verloor. Die spelers het ook met groot entoesiasme aan die interne kampioenskappe deelgeneem. Daarom kon ons in die vierde kwartaal drie dogterspanne en twee seunspanne in verskeie ligas inskryf.

Baie dankie aan al die spelers vir hul entoesiasme en samewerking. Dankie ook aan personeel en ouers betrokke. Ons sien uit na heerlike tennis in 2009.

(Mej. M. Scholtz)

3.8 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2008**

Atletiek	:	Oos-Kaap: Ané Ferreira, Natasja Gerber, Reginald Hufkie
Branderry	:	Jessica Barnard (ook **S.A. Ontwikkelingspan**)
Debat	:	George Booysen, Lisé Crouse, Simoné Gouws
Gesinchroni-seerde swem	:	Jeannè Scholtz (senior **S.A.** oefengroep)
Jukskei	:	Tertius Badenhorst, Shanice van Vuuren, Jason van Zyl
Karate	:	Jannie Joubert (ook **S.A.**)
Koor	:	Oos-Kaapse Kinderkoor: Jolene Davis, Christine du Toit, Marizanne Pienaar
Krieket	:	Dogters: Heidi Felix, Marizanne Kapp (ook **S.A.** o/19 en in die **S.A.** senior oefengroep) Binnenshuis: Jóvan van Eck Boland: Ryno van Zyl
Landloop	:	Oos-Kaap: Bennie Bellingan, Ané Ferreira, Marolene

		Gouws
Motorsport	:	Morné Janse van Rensburg
Muurbal	:	Ruan van Wyk
Netbal	:	Melany Bain (o/19)
Ruiterkuns	:	Carla-Mari Schellink (**S.A**. span)
Skaak	:	Nicola Alberts, Toshka Barnardo, Lisé Crouse, Cornelius Greyling, Wynand Malan (Toshka en Nicola is ook vir **S.A.** span gekies)
Tweekamp	:	Meake Brown

3.9 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

3.9.1 ***Matric of the Year***: Ané Ferreira, een van die 20 finaliste van die *Weekend Post Matric of the Year*-kompetisie, is uiteindelik as die wenner in die sport-afdeling van hierdie invloedryke kompetisie aangewys.

3.9.2 **Koor**: Jolene Davis, Christene du Toit en Marizanne Pienaar was lede van die Oos-Kaapse Kinderkoor wat gedurende die September-vakansie na Duitsland, Finland en Estland getoer het.

3.9.3 **Krieket (dogters)**: Marizanne Kapp is aangewys as die tweede beste S.A. kolwer en die beste S.A. o/18 bouler van die seisoen. Sy is ook in die S.A. Senior oefengroep vir die Wêreldbeker wat in Australië gaan plaasvind, opgeneem. Marizanne was ook onderkaptein van die o/19 OP dogterkrieketspan wat in Desember aan ‘n toernooi in Durban gaan deelneem het.

3.9.4 **Ruiterkuns**: Carla-Mari Schellink het voortgegaan om uitstekende prestasies te lewer. Sy was onder andere die S.A vyfgang kampioen, die kaptein van die S.A. Senior driegang span, en sy is aangewys as die kampioenruiter van die S.A. Protea span. Carla-Mari het die skool die besondere eer aangedoen deur een van haar Protea baadjies aan DF te skenk.

3.9.5 **Karate**: Jannie Joubert het te veel prestasies behaal en goue medaljes gewen om alles hier te noem. Wat wel genoem kan word is dat hy Suid-Afrika by die Statebond-Spele in Skotland verteenwoordig het waar hy ‘n brons medalje gewen het. Hy is ook in die nasionale span opgeneem vir die *Zone 6* kampioenskappe (lande uit Afrika), en het sy volle Karate S.A. kleure verwerf.

3.9.6 **Jeugballet**: Jani van Wyk, Emma Kotze en Simoné Swart het saam met vier van ons oudleerders hoofrolle in die *Friendly City Youth Ballet* se produksie vertolk.

3.9.7 **Ballet en Dans**: Jani van Wyk het die *Royal Academy of Dance* Graad 7 eksamen met lof (94 %) geslaag.

Van ons leerders het aan die Port Elizabeth Dansfees deelgeneem. Hulle ontvang die volgende medaljes: Mariné Claassen - drie silwer, Alet du Toit - drie silwer, Elzaan Goosen - twee silwer en een goud, Annette Greyling - twee silwer en een goud, Jeannè Scholtz - een silwer, Emma Kotze - twee goud, Simoné Swart - vier goud en Jani van Wyk - vier goud.

Alet du Toit het tydens *Dance Dynamics* se afsluitingsfunksie die toekenning ontvang vir die leerling in moderne dans wat die meeste vordering gedurende 2008 getoon het.

3.9.8 **Swem en gesinchroniseerde swem**: Maryna Slabbert het sommer vroeg in die jaar brons medaljes vir die 50 m rugslag en die 200 m rugslag by ‘n swemgala

ontvang.

Op 17 Februarie het drie van DF se leerders die Redhouse Riviermyl geswem. Maryna Slabbert en Jeannè Scholtz het albei medaljes ontvang toe hulle die 2,2 myl voltooi het. Maryna het 'n algehele 43ste plek behaal en Jeannè was 54ste uit meer as 700 dames wat deelgeneem het. Roché Jongkind het met sy eerste deelname aan die mansresies sy staal gewys.

Jeannè Scholtz het gedurende die Aprilvakansie aan die Senior Nasionale byeenkoms (gesinchroniseerde swem) in Durban deelgeneem. Sy verwerf 'n bronsmedalje vir die kombo-groepinskrywing en is ook vir die Senior S.A. oefengroep gekies.

Gedurende die Junie-vakansie het Jeannè aan die Singapoer Nasionale Kampioenskappe in gesinchroniseerde swem in Singapoer deelgeneem. Altesaam 13 klubs van ses lande het deelgeneem. Sy het 'n vierde plek in die o/18 solo kompetisie, 'n vyfde plek in die ope solo kompetisie en 'n derde plek in die kombinasie groep behaal.

3.9.9 **Krieket (Binnenshuis)**: Jóvan van Eck is opgeneem in die OP o/16 Binnenshuise Krieketspan. Hulle het gedurende die Aprilvakansie aan 'n interprovinsiale toernooi deelgeneem en vierde geëindig. Ryno van Zyl is vir die Boland o/18 span gekies (OP het nie 'n o/18 span gehad nie). Die Bolandspan het hulle toernooi gewen.

3.9.10 **Padwedlope**: Heinrich Basson en Garth van Eck het deur die loop van die jaar baie mooi prestasies in padwedlope behaal (bv. die *Two Oceans* Halfmarathon, die Knysna Bos Halfmarathon - Heinrich was die 7de junior - en die André van Coller Halfmarathon - Garth en Heinrich 7de en 9de juniors onderskeidelik). Reggie Hufkie het in die stap-afdeling net so goed presteer, en ook 'n sertifikaat van OP atletiek gekry as 2007 se beste pad-stapper.

3.9.11 **Ysterman**: In die *MTN Corporate Triathlon* mini ystermankompetisie het DF se span - Meake Brown (380 m swem), Ané Ferreira (4 km hardloop) en me. Carstens (18 km fietsry) - baie goed presteer deur tweede te eindig.

Heinrich Basson het in die individuele ope-afdeling deelgeneem en 'n tyd van 1 uur 16 min. behaal.

3.9.12 **Rugby Skeidsregter**: Coenie van den Heever het in sy eerste klub-wedstryd as 'n amptelike Unie skeidsregter geblaas en homself baie goed van sy taak gekwyt - veral as sy ouderdom en ondervinding in ag geneem word. Hy het geskiedenis gemaak aangesien hy een van twee skoolgaande skeidsregters in die Oos-Kaap is.

3.9.13 **Branderry**: Jessica Barnard het as lid van die OP Grommet Branderry span gedurende die Paasnaweek aan die S.A. kampioenskappe in Port Elizabeth deelgeneem en het die volgende prestasies behaal: sy is as kaptein van die OP-span aangewys, is gekies as lid van die S.A. Ontwikkelingspan, het derde geëindig in die dogters o/16 finaal en haar span het tweede in die *Tag Team* finaal geëindig. Hulle het die algehele tweede plek in die kompetisie behaal.

Jessica en haar broer Carl het ook tot die tweede rondte van die OP Junior Branderplankry kompetisie deurgedring. Jessica het die eerste rondte dogters o/16 gewen.

3.9.14 **Voortrekkers**: Jacomien Hauman het die onderskeiding behaal om as provinsiale leidster (Oos-Kaap) van die Voortrekkers verkies te word.

3.9.15 **Kuns**: Yolandi van Staden en Kay-Leigh Pike het albei in die *ATKV Maranatha Kunskompetisie 2008* 'n derde plek verower. Dané Strydom het 'n A^+ (goud) vir Skilderkuns by die Despatch Kunsfees behaal.

3.9.16 **Motorsport**: Morné Janse van Rensburg het Provinsiale kleure in die *Supermoto* afdeling vir 2007 ontvang. Hy het ook die volgende toekennings ontvang: Volkswagen 2008 Tydren - eerste in klas NA 5 - en eerste in die Algehele Klub-kampioenskap.

3.9.17 **Tiener Mej. Port Elizabeth**: Aleesha Gerber is gekroon as Tiener Mej. Port Elizabeth.

3.9.18 **Modelwerk**: Mari-Lu van Vuuren is as een van 12 finaliste vir die *Miss Teen Walker Drive 2008* aangewys.

4. **FINANSIES**

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R2 493 675
Ander Inkomste	534 714
TOTAAL	**R3 028 389**
BETALINGS	
Alarm	5 877
Assuransie	58 538
Fotostaatmasjien	179 807
Brandstof en reparasies (voertuie)	54 412
Munisipale dienste	60 421
Administratiewe koste:	
Telefoon	83 551
Skryfbehoeftes (kantoor)	57 404
Instandhouding	165 263
Prysuitdeling	18 351
Sportfasiliteite	165 929
Skryfbehoeftes (leerders)	7 455
Kultuur	18 355
Advertensies	24 877
Bankkoste & Ouditgelde	35 035
Posgeld	10 114
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	41 746
Vakuitgawes	182 112
Salarisse	1 634 857
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	277 785
Kampe	13 863
Rekonstruksie en Ontwikkeling	18 286
Lening	187 327
TOTAAL	**R3 301 365**

5. IN MEMORIAM

Lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Siphokazi Maxamba:	vader
Mev. D. Griffin:	skoonvader
Mnr. H. Potgieter:	skoonmoeder

6. ALGEMEEN

6.1 GEBEDSGROEP

Hierdie groepie ma's kom op Donderdagoggende bymekaar om vir die skool met al sy mense en bedrywighede te bid. Daar word sake vir voorbidding aan hulle deurgegee, en die groepie getuig van definitiewe gevalle van gebedsverhoring. Enige ouer is welkom om aan te sluit en so van hierdie baie kosbare geleentheid om u rol te vervul gebruik te maak.

6.2 D.F. MALHERBE GEDENKWEEK

Die Gedenkweek het gedurende 12 - 16 Mei plaasgevind. Die uiters suksesvolle musiekblyspel, *Breek 'n Been*, is op 13 en 14 Mei in die Operahuis opgevoer.

Professor Debra Meyer van die Universiteit van Pretoria het as spreker opgetree by die D.F. Malherbe Gedenklesing op Donderdag 15 Mei. Sy het gepraat oor *Die entrepôt van my gedagte*. Afrikaans as die mense van Suid-Afrika se taal - die taal wat ons van ons ma geleer het - 'n taal met baie gesigte. 'n Taal van Afrika.

Laerskool Arcadia en Laerskool Newtonpark het by dié geleentheid opgetree.

Helene Bester het as gaskunstenaar opgetree by die kabaretvertoning op Vrydagaand 16 Mei.

(Mev. M. Röth)

6.3 **OUDSKOLIERE**

Die oudskoliere ressorteer tans as ‘n tussentydse maatreël onder die DFMOK, waar mnr. Brian Strydom hulle verteenwoordig.

Die Matrieks van 1998 het ‘n baie geslaagde reünie gehou en dit was duidelik dat hulle gees in 10 jaar niks verander het nie.

Ons stel onsself ten doel om in die nuwe jaar die kommunikasie met ons oudskoliere nog te verbeter (SMS, e-pos, Facebook, . . .) en so die DF familie hegter saam te snoer.

7. **’N DRINGENDE VERSOEK**

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra - ons het u voorbidding steeds baie nodig. Die feit dat hierdie versoek jaarliks herhaal word, maak dit nie minder dringend nie - inteendeel, dit word myns insiens al hoe BELANGRIKER: Sal u as ouers en ander lesers asseblief vir DF in u gebede bly dra?

8. **TEN SLOTTE**

‘n Baie groot dankie aan

- ons leerders, die Malherbiete, vir jul vriendelikheid en gesindheid;
- ons onderwyspersoneel vir harde werk en julle gades vir hul ondersteuning;
- die Beheerliggaam vir baie opofferings en ondersteuning;
- ons lojale ouers vir alles wat julle vir DF doen: betrokkenheid (o.a. deur die OOV en die Ondersteunersklub), voorbidding, vriendelikheid, help met toesig hou, ens., ens.;
- ons administratiewe personeel wat nog steeds hul werk met soveel geduld en vriendelikheid doen;
- ons Onderwys-Ontwikkelingsbeampte, mnr. Lamprecht, vir sy besondere toewyding, ondersteuning en vriendelikheid;
- die Distrikskantoor-personeel;
- die LUR, mnr. Qwase, vir sy bydrae tot Oos-Kaap onderwys;
- ons donateurs en weldoeners uit ouer-, oudleerder, sake- en kerlike geledere;
- ons sport-organiseerder vir sy groot bydrae;
- ons media-konsultant vir goeie en lojale diens;
- ons voorman en terrein-personeel vir al julle harde en dikwels ondankbare werk;
- ons wonderlik getroue, genadige en liefdevolle Here, want DF kon nog steeds die afgelope jaar, en wil nog steeds vir die toekoms, vashou aan

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe . . .

Efesiërs 3 : 20 en 21

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

1 DESEMBER 2008

Wees die verandering
wat jy graag in die wêreld wil sien.
MOHANDAS K. GANDHI